



LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 32
12 Oktober 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

BEGIN VAN DIE VIERDE KWARTAAL

Welkom terug aan almal na 'n baie kort vakansie. Ek vertrou dat almal die breuk ten volle geniet het en uitgerus is. Baie sterkte vir 'n baie kort en besige kwartaal met die eksamen om die draai.

EPOS

Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

BEGROTINGSVERGADERING 2019

Neem asseblief kennis dat die begrotingsvergadering wat 29 Oktober sou plaasvind verskuif word na 9 November 2018 om 13:00 in die skoolsaal. Die vergadering gee elke ouer 'n geleentheid om deel te wees van die bespreking en goedkeuring van die 2019-begroting. Die begroting is by die kantoor beskikbaar vir besigtiging.

Volgens wetgewing moet 'n skool se begroting deur die ouers goedgekeur word. Alle ouers moet dus teenwoordig wees vir die goedkeuring van 2019 se begroting. Neem die geleentheid aan om u inset tot die bedryf van Laer Volksskool te lewer.

Die begroting is by LVS kantoor vir u ter insae.

VAKANTE POS

Mev Anna Conradie sal in me Lydia van Heerden se pos aflos vir die kwartaal. Mev Sylandré Sparrius sal vanaf Maandag, 15 Oktober terug wees by die skool.

OUEROGGEND/AAND

Oueroggend vind op 15 Oktober om 07:30 vir die plaasouers plaas. Die Oueraand sal Dinsdag, 16 Oktober om 17:30 plaasvind as gevolg van HVS prysuitdeling. Ouers wat die onderwysers moet kom sien, het briewe ontvang.

Indien u nie 'n brief daaromtrent ontvang het nie, maar u wil die klasonderwyser kom spreek, moet u asseblief vroegtydig 'n afspraak maak.

OPEDAG, VRYDAG, 26 OKTOBER 2018

Presiese gegewens oor die dag, sal nog aan u deurgegee word. Gee solank die boodskap deur aan voornemende nuwe leerlinge se ouers om die dag oop te hou.

Nuwe koshuisouers: 08:00 – 09:00
Nuwe Graad 1 leerlinge: 09:00 – 11:00
Nuwe Graad 1 ouers: 12:00 – 13:00

Ander nuwe 2019 leerlinge se ouers is ook welkom om 12:00 by die verrigtinge aan te sluit.

GRAAD 7 TOER

U ontvang vandag 'n brief in verband met bogenoemde toer.

KANKERFONDSINSAMELING

Dit is Oktober weer kanker bewustheidsmaand. Om hierdie projek te ondersteun gaan ons Vrydag, 19 Oktober 2018, gewone klere aantrek teen R5 en 'n muntlegging hou wat alles gaan vir kanker. Kom ons ondersteun asseblief ook hierdie projek.

KLAS- EN SPORTFOTO'S

Bestellings vir die **Klas- en Sportfoto's** kan by die onderskeie afrigters geplaas word. **Bring asseblief die bestelling met die korrekte bedrag.**

Die volgende foto's is beskikbaar:

10 x 13 cm	(Jumbo foto alleen)	R14
15 x 20 cm	(Foto alleen)	R28
15 x 20 cm	(Foto met name gemonteer)	R65

Die laaste bestellings moet op Maandag, 22 Oktober ingehandig word.

JAARBLAD

Alle verslae en foto's van leerders wat in sport buite skoolverband presteer het, moet op 'n geheuestokkie of per epos (brendalvsgrt@gmail.com) nie later as Maandag, 15 Oktober 2018 by Brenda wees.

OMGEE SLEUTELHOUERS

Daar sal Maandag, 15 Oktober gedurende pouse pienk strikkie sleutelhouers teen R5.00 te koop wees.

SPORT

TENNIS

Sterkte aan die vyf seuns en vyf dogters wat Maandag teen Niko Brummer by Laer Volksskool speel.

KRIEKET – VERANDER ASB OP U KALENDER

Krieket vs Karel Theron sal nie meer op Woensdag, 10 Oktober plaasvind nie, maar wel Dinsdag, 16 Oktober. Geskuif weens 'n opvoering te Karel Theron.

HOKKIE

Al die hokkiedogters moet asseblief seker maak dat alle sakke, stokke, balle en klere wat deur die jaar geleen is, terug aan die skool besorg word. Dit bly die eiendom van Laer Volksskool. Daar is nog items uitstaande.

<p>GEDAGTE VIR DIE WEEK</p> <p><i>Wat is jou eerste gedagte wanneer jy in die môre wakker word? Laat dit tog wees om jou hele hart in gebed voor God uit te stort!</i></p> <p><i>Psalm 88: 14</i></p>
--

D Joubert
Skoolhoof
 Epos: hooflvs@webmail.co.za
 Tel: 049-8910803

ADVERTENSIE

**'DENIMS & DIAMONDS'- DANS**

Die OOV beplan 'n gesellige kuier en dans op Vrydag, 26 Oktober. Die geleentheid sal plaasvind in ons nuwe busstoor (langs die Kewertjie).

Kaartjies beloop R120 per persoon en is by die skoolkantoor beskikbaar. Kaartjies sluit 'n braaipak en bykosse in. Elkeen bring eie drinkgoed en glase. Vure sal hoog brand vanaf 18h30.

'n Veiling op verskeie items sal ook die aand plaasvind.

Trek jou denim, diamante en dansskoene aan en kom geniet die aand saam met ons!